higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 3

(3011013)

13 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 'n antwoordboek van 19 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Beantwoord AL die vrae in die aangehegte ANTWOORDBOEK.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Toon AL jou berekeninge vir punte wat toegeken word.
5. Gebruik slegs 'n pen met BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Gebruik die tabel hier onder om jou leiding te gee oor hoeveel tyd jy aan elke vraag moet bestee.

VRAAG-NOMMER	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
1	Kortvrae (meerkeusevrae, pas by die kolom en kies die ontbrekende woord(e)) AL die onderwerpe is geïntegreer	40	36
2	Bereken en boekstaaf transaksies rakende belasting op toegevoegde waarde	40	36
3	Berei salarisse- en lonejoernale voor Kleinkasstelsel	40	36
4	Stel rekonsiliasiestaat op	40	36
5	Voer basiese administrasie van niebedryfsbates per hand uit	40	36
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Watter EEN van die volgende hulpjoernale word gebruik om tjekbetalings te boekstaaf?

A Krediteurejoernaal
B Kontantontvangstejoernaal
C Kontantbetalingsjoernaal
D Kleinkasjoernaal

1.1.2 Die metode waarvolgens waardevermindering bereken word wanneer die waardeverminderingsbedrag elke jaar dieselfde is, staan as die ... bekend.

A verminderdesaldo-metode
B reguitlynmetode
C metode van koste minus opgehoopte waardevermindering
D metode van drabedrag minus waardevermindering

1.1.3 Watter bedrag moet gebruik word om die voorskotkleinkasbedrag van R500,00 te herstel indien die totale besteding vir die maand R175,00 bedra?

A R325,00
B R675,00
C R175,00
D R500,00

1.1.4 Watter EEN van die volgende kan NIE as niebedryfsbates gekategoriseer word nie:

A Grond en geboue
B Tafels en stoele
C Kapitaal
D Voertuie

1.1.5 Finansiëledienstefooie soos onttrekkingskoste maak deel van ... uit.

A krediteurebesteding
B versekeringskoste
C debiteure-inkomste
D bankkoste

1.1.6 Watter EEN van die volgende aftrekkings is vrywillige aftrekkings vir werknemers?

A LBS
B Sosiale/sportklubfooie
C Mediesehulpfonds
D Pensioenfonds

1.1.7 Watter BTW-bedrag word op 'n inklusiewe bedrag van R5 650,00 gehef?

A R693.86
B R791.00
C R690.00
D R790.00

1.1.8 Wanneer 'n onderneming 'n betaling aan 'n krediteur maak, word die krediteurekontrole ...

A toegevoeg.
B gedebiteer.
C gekrediteer.
D geboekstaaf.

1.1.9 'n Werknemer se bruto salaris minus pensioenfonds word die ... genoem.

A netto salaris
B bruto inkomste
C belasbare inkomste
D aftrekking

1.1.10 Die totale bates minus die totale laste is gelyk aan ...

A eienaarsbelang.
B bedryfsbates.
C niebedryfsbates.
D kapitaalbates.

(10 × 1) (10)

1.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 (Uitset-/Inset-) BTW is die bedrag wat die onderneming ontvang op goedere en dienste wat aan klante verkoop word.

1.2.2 Die ure wat buiten die ooreengekome werkure gewerk word, word (normale/oortyd-) ure genoem.

1.2.3 (Bedryfs-/Niebedryfs-) bates kan nie maklik in kontant omgesit word nie.

1.2.4 Kredietinskrywings op die bankstaat is die (deposito's/onttrekkings) op die onderneming se lopende rekening.

1.2.5 (Vroeë/Handels-) korting word van 'n bedrag afgetrek voordat BTW by die verkoopsprys gevoeg word.

1.2.6 (Inset-/Uitset-) BTW kom in die kontantbetalingsjoernaal voor.

1.2.7 Die (bruto/netto) salaris is die finale vergoeding wat 'n werknemer ontvang.

1.2.8 Werknemersbelasting is (verpligtend/nie verpligtend) vir almal wat 'n loon of salaris verdien.

1.2.9 (Finansiële dienste/Uitgevoerde goedere) is lewerings wat van BTW vrygestel is.

1.2.10 'n Verkeerde oorboeking na die algemenegrootboekrekening word 'n (rekonsiliasie/teenstrydigheid) genoem.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n woord/item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Die verkope van 'n bate vir minder as die boekwaarde daarvan	A	kontantontvangste-joernaal
1.3.2	Betalings wat van debiteure ontvang word, word in hierdie joernaal geboekstaaf	B	krediteur
		C	BTW-opgawe
1.3.3	Die skade aan bates wat opbou weens die deurlopende gebruik daarvan	D	beskikking oor bates
		E	gedishonoreerde tjek
1.3.4	Hierdie dokument dui die bankkoste van 'n onderneming aan	F	slytasie
		G	aftrekking
1.3.5	'n Pensioenfonds is 'n tipiese voorbeeld hiervan	H	verlies op verkope
1.3.6	'n Brondokument wat slegs in die onderneming gebruik word	I	interne dokument
		J	bankstaat
1.3.7	'n Tjek met 'verwys na trekker'	K	algemene joernaal
1.3.8	Die proses om 'n niebedryfsbate te verkoop	L	loonbetaalstaat
1.3.9	'n Formele dokument wat 'n ondernemer na die SAID stuur		
1.3.10	'n Individu of verskaffer vir wie die onderneming geld skuld		

(10 × 1) (10)

1.4 Gee EEN woord/term vir elkeen van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

bateregister; proefbalans; ses maande; bankrekonsiliasie; kasboek; herwinningswaarde; debietnota; voorskot; drabedrag; debiteur; vaardigheidsontwikkelingsheffing; kredietnota; belasbare inkomste

1.4.1 'n Skema wat deur die Departement van Arbeid geadministreer word om werknemers se onderwys en opleiding te finansier.

1.4.2 Bruto lone minus toelaatbare pensioenbydraes

1.4.3 Dit boekstaaf alle bates wat die onderneming besit.

1.4.4 Die metode waarvolgens kontant bygevoeg word om die kleinkasbedrag te herstel

1.4.5 'n Brondokument wat as bewys van goedere, wat 'n klant teruggestuur het, gebruik kan word

1.4.6 'n Individu wat goedere op krediet by 'n onderneming koop

1.4.7 Die proses waarvolgens kasboek- en bankstaatsyfers ooreengestem en vergelyk word

1.4.8 Dit word voorberei om die akkuraatheid van die dubbelinskrywing-stelsel te toets sodra die algemenegrootboekrekenings afgesluit is.

1.4.9 Die waarde van 'n bate ná die nuttige lewensduur daarvan

1.4.10 Die belastingtydperk vir boerdery- en landbou-ondernemings in Suid-Afrika waarvan die omset nie R1 500 000 oorskry nie

(10 × 1) (10)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

Sunny Side General Dealers is 'n geregistreerde BTW-ondernemer. Hulle boekstaaf BTW teen 14% op die faktuurgrondslag.

LET WEL: Sunny Side General Dealers gebruik nie afsonderlike BTW-insetrekenings en -uitsetrekenings nie, maar boek sy BTW direk oor na die BTW-kontrolerekening.

Alle bedrae *sluit* BTW *uit*.

TRANSAKSIES

Febr 2016	3	Kredietverkope word aan A. Munzhe gemaak en faktuurnr. K130 word uitgereik, R3 200,00 (koste van verkope is R1 650,00).
	5	Betaal die weeklikse lone per tjeknr. 112, R5 000,00.
	8	Ontvang faktuurnr. W121 van T. Thikho vir goedere op krediet gekoop, R15 000,00.
	9	Zinhle, die eienaar, belê R20 000,00 van sy persoonlike spaargeld in die onderneming en ontvang faktuurnr. 110.
	10	Volgens die kasregister is kontantverkope R12 300,00.
	11	Koop handelsvoorraad by Maemu Wholesalers vir R4 550,00 en betaal met tjeknr. 113.
	15	Betaal die stadsraad vir water en elektrisiteit, R785,00, en reik tjeknr. 114 uit.
	20	Reik kredietnotanr. J23 aan A. Munzhe vir R600,00 uit (koste van verkope is R125,00).
	21	Stuur voorraad aan T. Thikho terug en ontvang debietnotanr. X09 vir R1 200,00.

Verlang: Rond al jou antwoorde af tot TWEE desimale plekke.

2.1 Boekstaaf die transaksies hier bo in die toepaslike hulpjoernale vir Februarie 2016. Bereken SLEGS die totaal vir die BTW-kolomme in AL die joernale aan die einde van die maand. (32)

2.2 Boek SLEGS oor na die BTW-kontrolerekening in die algemene grootboek. Balanseer die rekening aan die einde van die maand. (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 Gebruik die volgende werknemersinligting om die lonejoernaal vir King Golden Builders vir die week geëindig 14 Oktober 2016 voor te berei:

Naam	Huwelik-status	Afhanklikes	Normale ure	Ure gewerk	Normale tarief	Oortyd-tarief
T. Thulas	Enkel-lopend	Geen	40	52	R60,00	R90,00
B. Benzy	Getroud	2	40	49	R50,00	R75,00

BYKOMENDE INLIGTING

(a) Pensioenfondsbydraes word teen 7,5% van die werknemer se normale loon afgetrek.

(b) Inkomstebelasting (LBS) word teen 19% van belasbare inkomste bereken.

(c) Aftrekkings vir die WVF word kragtens wetgewing gedoen.

(d) Alle werknemers dra R5,00 per week tot Klub 30, die personeelvereniging, by.

(e) Die mediesefondsbydraes word soos volg afgetrek:

R15,00 per week vir 'n enkellopende persoon
R18,00 per week vir 'n getroude persoon met 1 afhanklike
R21,00 per week vir 'n getroude persoon met 2 afhanklikes

(f) Werkgewersbydraes tot die onderskeie fondse is soos volg:

- Pensioenfonds is 7,5% van werknemer se normale loon.
- WVF-aftrekkings word kragtens wetgewing gedoen.
- Die mediesefondsbydrae is dubbel soveel as wat die werknemer betaal het.

<u>Verlang</u>

Voltooi die salarissejoernaal vir King Golden Builders se werknemers vir die week geëindig 14 Oktober 2016 in jou ANTWOORDBOEK.

Rond alle syfers af tot die naaste rand.

LET WEL: Moet NIE die totale vir die kolomme bereken nie. Geen oorboeking word verlang nie. (25)

3.2 Die inligting hier onder is 'n uittreksel uit Bright Future Suppliers se boeke vir die maand van Maart 2016.

Maart 2016	1	Koop skryfbehoeftes by CVA vir R95,00 (BTW uitgesluit), bewysnr. 35.
	5	Versend 'n pakkie van die poskantoor af en betaal R35,00 (BTW uitgesluit), bewysnr. 36.
	10	Koop koek en vrugtesap vir besoekers by die kantoor en betaal R60,00 (BTW uitgesluit), bewysnr. 37.
	13	Reik kleinkasbewysnr. 38 uit vir lone van R80,00 wat aan los werkers (skoonmakers) betaal is vir die skoonmaak van vensters.

Verlang

3.2.1 Voltooi Bright Future Suppliers se kleinkasjoernaal. Bereken slegs die totaal vir die kleinkaskolom. (10)

3.2.2 J. Boom versoek op 13 April 2016 dat 'n bedrag van R85,00 vir lone betaal word. In hierdie tyd is M. Demba die kassiere en L. Lemmy verleen toestemming dat die transaksie mag plaasvind.

Verlang: Voltooi die kleinkasbewys. (5)
[40]

VRAAG 4

Rosebank Motors voorsien die volgende inligting uit hul boeke vir die maand van Julie 2016:

4.1 Doen aanvullende inskrywings in die kontantontvangste- en kontantbetalingsjoernale.

Bereken SLEGS die bankkolom se totaal op 31 Julie 2016 in albei joernale. (14)

4.2 Doen 'n oorboeking na die bankrekening in die algemene grootboek en balanseer die bankrekening aan die einde van die maand. (4)

4.3 Berei Rosebank Motors se bankrekonsiliasie op 31 Julie 2016 voor. (9)

INLIGTING

'n Vergelyking van People's Bank se bankstaat en die kontantontvangste- en die kontantbetalingsjoernaal op 30 Julie 2016 weerspieël die volgende verskille:

(a) Die bankrekening toon 'n debietsaldo van R3 035,60 op 1 Julie 2016.

(b) Die bankstaat toon 'n kredietsaldo van R556,26 op 31 Julie 2016.

(c) Die maandelikse totale, voordat die aanvullende inskrywings gedoen is, is soos volg:

Kontantontvangstejoernaal R12 968,80
Kontantbetalingsjoernaal R13 106,20

(d) 'n Deposito van R3 672,90 is steeds op die bankstaat uitstaande.

(e) Die bank debiteer Rosebank Motors se lopende rekening met die volgende:

Kredietkaartheffing	R5,00
Diensgelde	R38,60
Tjekboek	R8,00
Depositoboek	R14,50

(f) Die volgende tjeks was by People's Bank uitstaande:

Nr. 321	R224,36
Nr. 345	R441,20
Nr. 348	R369,50

(g) Die bankstaat toon 'n debietorder van R132,00 ten gunste van Bepha Insurance Bpk vir die onderneming.

(h) Die bankstaat toon 'n deposito van R720,00 wat K. Mulaudzi vir die huur van kantoorruimte direk in Rosebank Motors se rekening inbetaal het.

(i) Die bankstaat toon 'n krediet vir rente op die lopende rekening, R22,60.

(j) 'n Tjek van R92,60, wat van M. Mola, 'n debiteur, ontvang is, word weens onvoldoende fondse deur die bank gedishonoreer.

(k) Die bank debiteer Rosebank Motors se rekening met R156,00 (tjeknr. 112), in plaas van Roselinbank Cars se rekening. Stel hierdie fout reg.

Kopiereg voorbehou

4.4 Cinderella Traders voorsien die volgende inligting oor sy debiteure vir Julie 2016 aan u. Ignoreer BTW vir hierdie vraag.

Saldo's uit die debiteuregrootboek op 31 Julie 2016 geneem:

Sandra Smith	R5 000,00
Sibongile Msutu	R6 000,00
Sithembiso Botha	R850,00

Die debiteurekontrolerekening in die algemene grootboek het 'n debietsaldo van R25 000,00.

Transaksies

Die volgende teenstrydighede is ná 'n ondersoek ontdek:

Ontvang 'n tjek van Sibongile Msutu vir R3 500,00, wat nie geboekstaaf is nie.

'n Tjek van R785,00, wat van Sandra Smith ontvang is, word deur die bank teruggestuur, gemerk V/T.

Verlang

4.4.1 Doen joernaalinskrywings in die algemene joernaal om die uitwerking van die teenstrydighede hier bo te toon. (Die kontantontvangste- en die kontantbetalingsjoernaal word nie verlang nie.) (8)

4.4.2 Maak die debiteurekontrolerekening oop en boek die joernaal-inskrywings hier bo oor. Balanseer die rekening. (5)

[40]

VRAAG 5

Die volgende inligting is uit Ridding Red Traders se boeke geneem. Ignoreer BTW vir hierdie vraag.

Dit is die organisasie se beleid om alle bates teen 'n koers van 25% per jaar met behulp van die verminderendesaldometode te depresieer. Die finansiële jaar eindig op 31 September 2016.

5.1 Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vraag.

Beskrywing	
Aangekoop by	Werda Motors
Datum aangekoop	1 Julie 2014
Kosprys	R250 000,00

Gebruik jou ANTWOORDBOEK om die ontbrekende besonderhede en syfers van die bateregister in te vul. (16)

5.2 Die volgende beginsaldo kom in Lutendo Plumbers se grootboekrekening op 1 September 2016 voor:

Toerusting R80 000,00

Lutendo Plumbers besluit op 31 September om een van sy rekenaars vir R3 000,00 kontant aan Tony te verkoop. Die rekenaar se kosprys is R10 000,00 en die opgehoopte waardevermindering, wat op die rekenaar afgeskryf is, is R7 500,00.

<u>Verlang</u>
Voltooi die volgende grootboekrekenings in jou ANTWOORDBOEK:

5.2.1 Toerusting (5)

5.2.2 Beskikking oor bates (9)

5.2.3 Wins of verlies op die verkoop van bates (2)

5.3 Verduidelik die begrip *niebedryfsbate*. (3)

5.4 Die reguitlyn-/kosprysmetode word gebruik om masjinerie met 'n boekwaarde van R45 000,00 te depresieer. Die waardevermindering word teen 20% per jaar vasgestel. Daar word verwag dat die masjinerie vyf jaar lank gaan hou.

Bereken die *boekwaarde* van die masjinerie ná twee jaar. (5)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou